# Les 4 IN DIE BRUINDRAAD VLOEI DAAR KRAG: IN DIE EVANGELIE VLOEI GOD SE LIEFDE NA SONDAARS

## 1. Binne-in die bruindraad is daar krag

Kom ons kyk na die bruindraad! As jy die bruindraad so van buite af bekyk, dan lyk dit net asof dit 'n gewone bondel koperdraadjies met 'n bruin omhulsel is.

Maar dit is nie! Hierdie koperdraadjies is baie anders as enige ander koperdraadjies. Aan hierdie koperdraadjies mag jy nie vat nie. As jy aan hierdie draadjies vat, kry jy 'n elektriese skok.

Hoekom?

Want binne-in hierdie draadjies is daar iets wat nie sommer in ander drade is nie, naamlik krag.

## 2. Die krag van God wat sondaars red, is binne-in die Evangelie

Dit is waar van die Evangelie in die Bybel. Binne-in die Evangelie is daar iets wat nêrens anders is nie: krag.

Kom ons lees Romeine 1 vers 18: "16 *Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood.*"

Paulus sê dat die Evangelie die krag van God is. Hierdie krag is ook 'n baie spesifieke soort krag. Dit is nie menslike krag soos spierkrag of breinkrag nie. Dit is ook nie net 'n natuurkrag soos weerlig of siklone nie. Dit is God se éie krag wat binne-in die Evangelie is.

Hierdie krag van God in die Evangelie doen ook iets baie besonders. Elke soort krag word geken aan dit wat dit doen: siklone waai goed onderstebo; weerlig laat brand ontstaan; breinkrag maak slim planne; spierkrag tel gewigte op.

Wat doen die krag van God binne-in die Evangelie?

Hierdie krag van God in die Evangelie is die krag waardeur God sondaars red. Daarom noem Paulus dit: *"'n krag van God tot redding van elkeen wat glo."*

## 3. Die draadjies is sigbaar, maar die krag is onsigbaar; tog is die krag werklik daar binne-in, want dit laat dinge gebeur

Kom ons vat nou weer die bruindraad in ons hand en kyk na die koperdraadjies! Wat sien 'n mens as jy só na die draadjies binne-in die bruindraad kyk?

Al wat jy sien is die koperdraadjies. Sien ŉ mens enige krag as jy so na die draadjies kyk? Nee, elektriese krag is onsigbaar.

Nou hoe weet ons dan dat daar elektriese krag in die bruindraad is?

Ons weet dit want as ons dit in ŉ ketel inprop, dan laat werk dit die ketel. As ons die ketel aan hierdie draad koppel, dan word die element binne-in die ketel rooiwarm. As dit nie gekoppel is nie, dan bly die element binne-in die ketel yskoud.

Daarom weet ons dat daar iets binne-in die draad gebeur wat nie in ander drade gebeur nie. Daar is krag binne-in die draad wat só werk dat dit die element van die ketel laat warm word.

Dit is hoe krag werk. Dit laat dinge gebeur.

Om te wéét is nie om die krág te sien nie, maar om te sien wat die krag aan ŉ ketel en binne-in die draad, dóén.

**4. <u>Deur die Evangelie ontvang ons werklik die krag van God wat ons red: wat ons godsdienstig laat werk soos ons moet</u>**

Ons is ketels! Ons wéét ook dat die krag van God werklik binne-in die Evangelie is.

Paulus beskryf die krag van God in die Evangelie só in Efesiërs 3:

*"18 Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, 19 en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag 20 wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: 21 hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom."*

Watse oë is 'geestesoë'?

Dit is nie ons gewone oë waarmee ons al die gewone dinge rondom ons raaksien nie. Met ons geestesoë sien ons dinge raak wat onsigbaar is vir ons gewone oë.

Dis soos om te sien dat iemand vir jou lief is: met jou gewone oë sien jy maar net arms, bene, ŉ mond wat glimlag en iemand wat naby jou is. Maar met jou geestesoë sien jy iets binne iemand wat jou gewone oë nie kan raaksien nie – hy of sy is lief vir my.

Met hierdie geestesoë sien ons iets binne-in die Evangelie – die kragtige werking van God se mag in dit wat met Jesus gebeur, en in dit wat Jesus doen.

Ons sien dat die krag van God binne-in die Evangelie maak dat ons vervul word met nuwe dinge wat nie in ons koue-element-lewe was nie, en wat maak dat ons begin werk soos ons moet.

### 4.1 Ons sien die krag van God in Jesus Christus raak

Kom ons kyk na die Evangelie soos ŉ mens na die draadjies van die bruindraad kyk!

**<u>Die Evangelie: Die Apostoliese Geloofsbelydenis</u>**

| | |
|---|---|
| Artikel 1: | Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; |
| Artikel 2: | en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; |
| Artikel 3: | wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; |
| Artikel 4: | wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel; |
| Artikel 5: | wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; |
| Artikel 6: | opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, |
| Artikel 7: | vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. |
| Artikel 8: | Ek glo in die Heilige Gees; |
| Artikel 9: | ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; |
| Artikel 10: | die vergewing van sondes; |
| Artikel 11: | die opstanding van die liggaam |
| Artikel 12: | en ’n ewige lewe. |

As ons met ons geestesoë na hierdie 12 dele van die Evangelie kyk, dan sien ons iets wat ŉ mens nie sommer met ŉ gewone kyk raaksien nie – die krag van God wat binne-in die Here Jesus werk.

Paulus sê dit só: *“Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag* [20] *wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het:* [21] *hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom.*” (Efesiërs 3)

Iemand wat sommer so met ŉ gewone oog na Jesus Christus kyk, sien sommer maar net ŉ man wat in Betlehem gebore is; ŉ man wat baie lank gelede in Palestina rondgeloop en dissipels van mense gemaak het; ŉ man wat deur die Jode gevang is en voor die regter Pilatus vals beskuldig is; ŉ man wat aan ŉ kruis gespyker is en doodgegaan het.

Iemand wat só na die Evangelie kyk, is soos iemand wat na ŉ bruindraad kyk en net draadjies raaksien, niks anders nie.

Christene is mense wie se geestesoë oopgegaan het. Hulle sien iets heeltemal anders as hulle na hierdie Evangelie kyk: hulle sien die krag van

God in die Evangelie. Dit is die krag waarvan Paulus sê dat hierdie krag sondaars red.

Wat laat hierdie krag van God in die Evangelie gebeur?

- As ons kyk na Jesus wat gebore word, sien ons die krag van God wat mense heilig maak in die Here se geboorte.
- As ons kyk na Jesus se lyding, dan sien ons die krag van die Here wat ons vry maak van ons sonde.
- As ons na Jesus se kruisiging kyk, dan sien ons die krag van God wat ons nooit vir ons sondes vervloek nie.
- As ons na Jesus se dood kyk, dan sien ons die krag van God wat maak dat ons nooit gestraf word vir ons sondes nie.
- En as ons kyk na Jesus wat hel toe neergedaal het, dan sien ons die krag van God wat ons kinders van die Here maak.

Dit is hoe ons die krag van God binne-in die Evangelie sien! Ons sien wat doen Gód as ons na Jesus Christus kyk. Ander mense sien maar net ŉ gewone man wat leef en doodgaan. Hulle sien nie wat God ín Jesus Christus doen nie.

Dit is net soos wanneer julle na die draadjies van ŉ bruindraad kyk – julle kyk en sien iets wat onsigbaar is – krag! Julle vat nie en raak nie aan die bruindraad se draadjies nie – al kan julle net gewone koperdraadjies sien. Want met julle geestesoog sien julle dit is ŉ kragdraad!

In Jesus Christus sien ons wat God self doen!

**4.2 Ons sien wat die die krag van God binne-in ons lewe doen as ons aan die Evangelie gekoppel is**

Wat sien ŉ mens gebeur as jy die bruindraad by ŉ ketel inprop? Dit doen twee dinge –

1. dit bring die krag wat in die bruindraad is, na die kontakpunt van die ketel, en as hierdie krag in die ketel se kontakpunt ontvang word,

2. dan verander die krag binne-in die kontakpunt die element van die ketel. Die koue stuk yster word ŉ gloeiende warm element wat hitte uitstraal.

In Efesiërs 3 wys Paulus wat doen die krag van die Evangelie in ons: "*en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo*." Die Evangelie se krag is nie maar net ŉ krag wat slegs binne-in die Evangelie (dit is, binne-in Jesus Christus) bly nie. Dit is krag wat ook binne-in ons kom en geweldige groot veranderinge binne-in ons veroorsaak.

Kyk na hierdie bruindraad: bly hierdie krag maar net binne-in die draad, of gaan dit tot binne-in die ketel? Dit gaan tot binne-in die ketel! As dit binne-in die ketel ingaan, bly alles maar dieselfde, of gebeur daar dinge?

Krag laat dinge gebeur!

Kyk wat sê Paulus wat doen hierdie krag wat binne-in ons inkom!

Dit vul ons met krag, liefde en selfbeheersing.

"*Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing*." (2 Tim 1:7)

'Vervul' beteken dit word volgemaak. Die krag in die Evangelie maak die binnekant van 'n sondaar vol liefde en selfbeheersing, net soos 'n bruindraad se krag 'n ketel se kontakpunt vol krag maak, en hierdie krag die ketel se element vol hitte maak wat gloei.

Die krag van die Evangelie vervul ons ook met vreugde en hoop!

Rom. 15: *"[13] Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!*"

Die krag van die evangelie vervul ons ook met dankbaarheid.

*"[19] Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. [20] Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink,*" (Ef. 3:9)

In Gal. 3:5 verwys Paulus na hierdie krag van God in die Evangelie:

"[5]*Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo*?"

En in Gal. 5:22 & 23 gee hy vir ons 'n opsomming van wat hierdie krag alles binne-in ons doen:

"*[22] Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23] nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie.*"

Omdat ons vervul word met al hierdie gesindhede – begin ons God met ons gawes dien. Dit is soos met 'n ketel! As 'n ketel deur die bruindraad vervul word met die krag uit die bruindraad – dan begin die element gloei. As dit 'n yskas is, dan begin die yskas koud word; as dit 'n rekenaar is, dan begin die rekenaar se programme werk.

Die krag vervul en laat werk.

Kom ons kyk weer hoe beskryf Paulus dit in Efesiërs 3:

" *[18] Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, [19] en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat*

*glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag [20] wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: [21] hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom."*

ŉ Rekenaar wat krag kry, het ŉ roeping. 'Roeping' beteken hier, nou kan jy die rekenaar gebruik vir alles wat jy nodig het. Net so werk die krag van God: as Sy krag ons volgemaak het met al die gesindhede wat God se krag binne ons opwek, dan kan ons die Here dien met al die talente wat ons het, en dan kan die Here ons gebruik vir al die groot take en uitdagings wat Hy vir ons voorberei het.

Die krag van God vervul ons met nuwe gesindhede. Dit maak ons vol krag en dit laat ons werk.

Uit dit wat die krag van God binne-in die Evangelie en binne-in ons doen, sien ons die krag van God binne-in die Evangelie met ons geestesoë raak:

**In Jesus Christus (in die bruindraad)**

In Jesus sien ons die krag waardeur God ons heilig maak, vryspreek van ons sonde, die straf van ons sonde wegvat en ons kinders van God maak. Dit is die krag wat ons in die bruindraad sien.

**In onsself**

In onsself sien ons dit is die krag wat ons vervul met liefde vir God en ons naaste, en maak dat ons vir God en ons naaste dien met goeie werke – net soos ŉ ketel wat krag ontvang, vervul word met krag en die element begin werk: hy word warm.

**5. <u>Die onsigbare krag van God is Sy liefde wat van Hom na ons vloei</u>**

Ons het nou gesien wat die krag van God doen. Maar wat is hierdie krag van God wat ons red?

Wat is hierdie onsigbare krag wat binne-in ŉ bruindraad van ŉ elektriese koord is, en wat hierdie nuwe krag binne-in ŉ ketel opwek en die ketel laat werk?

Ons weet nie regtig heeltemal alles daaroor nie, maar ons weet wat die hoofsaak is: dit is elektromagnetiese golwe wat vloei vanwaar die golwe opgewek word, na waar die krag nodig is.

Wat is God se krag binne-in die Evangelie?

Dit is God se liefde vir sondaars wat Hy binne-in Homself opwek en dan na sondaars laat vloei. Paulus beskryf hierdie krag van die Evangelie in Romeine 5 verse 5 tot 8:

*"... want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.[6] Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. [7] 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. [8] Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."*

Wat stort God in ons harte uit? Waarmee vervul Hy ons? Hy stort Sy liefde in ons uit. Hy vervul ons met Sy liefde.

Wie vervul Hy met Sy liefde? Hy vervul mense wat "nog sondaars was" – dit is mense vóór hulle God liefhet en vóórdat hulle God nog dien.

Dit is net soos met ketels! Kan 'n mens sê dat 'n ketel net krag kan kry as hy 'n mooi, skoon ketel is waarvan die element warm is en goed werk? Nee! Enige ketel, selfs ketels wat al lekker aangepak is met kalk en al 'n bietjie vuil is aan die buitekant en wie se elemente koud is, kan krag ontvang.

| |
|---|
| Die krag van God binne-in die Evangelie is God se liefde binne-in Homself, wat Hyself binne-in Hom opwek en wat Hyself dan van Hom na sondaars laat vloei, tot binne-in hulle. |

Net soos elektrisiteit altyd golwe is wat opgewek word en vloei (as dit nie vloei nie, is dit nie golwe nie), net so is die krag van God se liefde wat binne-in Homself is, wat vloei na sondaars toe deur die Evangelie – die bruindraad.

| |
|---|
| Die krag van God in die Evangelie wat ons red – is God se liefde wat deur Jesus Christus tot binne-in sondaars vloei. |

**6. <u>Oefening</u>**

Christene se geestesoë is oop. As hulle die Bybel lees, dan sien hulle:

**.1** Die krag waardeur God ons red, vergewe en Sy kinders maak, is binne-in die Evangelie.

**.2** Hierdie krag wat ons deur die Evangelie in ons lewe kry, laat ons weer vir die Here werk soos ons moet.

**.3** Die krag van God in die Evangelie is Sy liefde, genade, goedheid en barmhartigheid wat na ons toe vloei.

Lees die volgende tekste en kyk of julle hierdie drie sake binne-in die Evangelie kan raaksien: die krag om te vergewe, die krag maak dat ons werk soos ons moet, en die krag is God se genade en liefde wat na ons toe vloei.

Onthou, elkeen van hierdie tekste is 'n bruindraad-teks. Dit gaan oor die Evangelie.

**BRUINDRAAD-TEKSTE: Die Evangelie**

**a.** *"[18] Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God."* (1 Korintiërs 1)

**b.** *“[5] Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?*” (Galasiërs 3)

**c.** *“[8] Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God. [9] Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. [10] Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”* (Efesiërs 2)

**d.** *“ [11] Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak*.” (2 Tessalonisense 1)

**e**. “*[8] Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was*” (Romeine 5)

**f.** “*[20] en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê*.” (Galasiërs 2)

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

______________________________

Handtekening: ouer of voog